

Inhoudsopgawe

JANUARIE:	<i>Liefde en trou</i>
FEBRUARIE:	<i>Kommunikasie</i>
MAART:	<i>Só lééf die liefde</i>
APRIL:	<i>Bloudruk vir die huwelik</i>
MEI:	<i>Diensbaarheid</i>
JUNIE:	<i>Wees God se kinders</i>
JULIE:	<i>Rolmodelle en “skrikmodelle”</i>
AUGUSTUS:	<i>Bybelstudie en gebed</i>
SEPTEMBER:	<i>God se wil vir julle lewe</i>
OKTOBER:	<i>Troos en bemoediging</i>
NOVEMBER:	<i>Konflik, vergifnis en versoening</i>
DESEMBER:	<i>Vorbereiding vir sy koms</i>
BIBLIOGRAFIE	

JANUARIE

Liefde en trou

Wanneer twee mense besluit om te trou, hoef jy nie te vra of hulle mekaar liefhet nie. Dit sou 'n dom vraag wees. Natuurlik het hulle mekaar lief! Dis dan hoekom hulle wil trou, nie waar nie?

Liefde is die handelsmerk van 'n gelukkige huwelik. Maar hoeveel huwelike is gelukkig? In hoeveel huwelike waag die huweliksmaats dit nog om vir mekaar te sê hulle is lief vir mekaar?

Liefde is 'n woord met baie stemminge en waardes. Die liefdesdronktiener dink anders oor liefde as die deurwinterde middeljarige. Dit lyk vir my belangrik dat ons ons definisie vir huweliksliefde in die Bybel moet vind.

En die Bybel praat altyd oor liefde én trou. Trou is die band waarmee liefde vasgebind word; so vas dat dit net deur die dood losgemaak kan word.



“Wel, wat is jou antwoord?”

Die mooiste woord



En die grootste hiervan is die liefde! (1 Kor.13:13)

Liefde: die mooiste woord wat tot uitbundige vreugde sowel as onuitspreeklike hartseer aanleiding kan gee; 'n woord wat die beste én slegste in die mens na vore kan bring ... Só kan 'n mens voortborduur oor die moontlikhede wat daar in dié kort woordjie ingebou is.

Julle sal toegee dat mense se definisie vir die woord nogal drasties kan verskil. Alhoewel die passie waarmee troupaartjies aan mekaar hulle liefde verklaar oënskynlik dieselfde taal praat, is die wyse waarop daardie liefde mettertyd in die praktyk gestalte vind nie dieselfde nie.

En dit laat 'n mens vra: Wat is liefde? Kan daar van 'n standaard definisie gepraat word? Is daar iewers 'n model te vind wat nagevolg kan word? Wat het die Bybel oor liefde te sê?

Die Bybel val ook in by die koor van stemme wat die liefde baie hoog aanprys. ... *En die grootste hiervan is die liefde!* (1 Kor. 3:13). Die hele Hooglied is 'n gedig oor die liefde tussen man en vrou. Nogtans moet ons versigtig lees: die Bybel het 'n baie spesiale invalshoek op die liefde, 'n hemelse invalshoek. Die Bybel wil vir ons leer hoe God oor liefde dink en hoe Hy die liefde tussen man en vrou wil sien. Dit is wat ons in die loop van hierdie maand gaan probeer vasstel.

Die liefde tussen man en vrou is en bly een van die mooiste gawes wat God vir die mens gegee het. En wanneer dié besondere liefde volgens Bybelse riglyne beoefen word, verkry dit inderdaad 'n merkwaardige dieptekwaliteit. Dan kan 'n mens ook oor jou huwelik sê dat die grootste van alles die liefde is; die liefde wat as gawe van God ontvang is. Oor dié liefde moet ons meer uitvind.

Wat is julle definisie van liefde? Hoe verskil dit van die definisies wat in die wêreld gangbaar is? Hoe dink julle kan julle huweliksliefde 'n Bybelse kwaliteit verkry en behou?

God is lief vir julle

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. (Gen.1:27)

As julle wil weet hoe die Bybel oor huweliksliefde praat, moet julle by stap een begin, naamlik God se liefde vir julle. Julle huwelik is deel van God se liefdesprogram vir julle. Toe Hy die mens na sy beeld geskape het, het Hy alreeds die huwelik in gedagte gehad. In die huwelik voltooi God iets, deurbreek Hy die eensaamheid van die mens. Hy weet dat die mens eers werklik na sy beeld kan lewe as hy in gemeenskap met die ander lewe. Die huwelik is die terrein waar God vir die mens vir wie Hy liefhet die kans bied om lewensvervulling te bereik.

God is lief vir julle. Hy is lief vir sy maaksels, sy eiendom, sy beelddraers. En omdat Hy julle liefhet, gee Hy julle geleentheid en die potensiaal om julle doel te bereik. Omdat Hy julle liefhet, gee Hy julle vir mekaar, om mekaar aan te vul en mekaar gelukkig te maak.

'n Mens moet die feit dat jy na God se beeld geskape is nooit ligtelik opneem nie. God gooi nie sy Naam in die modder nie. Hy dink so baie van die mens dat Hy hom met sy beeld vertrou. Dis deel van God se heilige liefdesverklaring vir die mens. Die sondeval het God se beeld onberekenbare skade aangerig. Die mens het as gevolg van die sonde so uit pas geraak met God se bedoeling vir sy lewe dat God se beeld al meer verskuil geraak het in sy lewe. Ook in sy huwelik. Maar met julle is dit anders. Julle is kinders van God wat aan die hand van die Bybel daarna soek om God se beeld in julle lewe aan die lig te bring. Julle kry die geleentheid om in julle liefde vir mekaar God se doel vir julle lewe te bereik.

Gesels met mekaar oor wat dit beteken dat julle na God se beeld geskape is. Waarom sê ek dat dit 'n bewys is van God se liefde vir julle?

Sy liefde reik tot by die hemel



Here, u liefde reik tot in die hemel ... Laat u liefde bly by die wat U erken ... (Ps. 36:6, 11)

Die psalmdigter sing oor die grootheid en onbeskryflikheid van God se liefde. Hy sê dit reik tot by die hemel. Daarmee wil hy probeer om die omvang daarvan met 'n paar woorde vas te vat. Maar eintlik is sy poging onsuksesvol. Hoe kan 'n mens dan nou God se liefde met woorde na waarde beskryf? Ja, jy kan darem agterkom dat die man iets wil sê, dat hy na woorde sóék om iets wat onbeskryflik groot is te verwoord. En dan weet jy: God se liefde vir my is nie van hierdie wêreld nie. Dis hemels. Dis Goddelik.

God se liefde; presies wat is dit? Die digter vertel in Psalm 36 dat dit onder meer beteken dat God sorg. Liefde is altyd versorgend, beskermend, opbouend. God voorsien in die daaglikse behoeftes van sy kinders. En daarom sorg Hy ook vir die behoeftes van 'n egpaar. Hy ken nie net julle huwelikslewe nie, maar Hy dra sorg daarvoor. Onthou: dis Hy wat julle aan mekaar verbind het. Hy aanvaar ook verantwoordelikheid vir julle huwelik. En juis daarom kan julle op God se versorgende liefde aanspraak maak.

Dan kan julle ook saam met die digter bid: “Laat u liefde bly by dié wat U erken ...” Dié deel van die gebed is belangrik. Liefde ontdooi in die ruimte van 'n verhouding. Staan julle met God in 'n verhouding? Erken julle sy heerskappy oor julle huwelik? Is sy woord die riglyn vir julle elkedagse lewe? Dan kan julle met gerustheid en met vreugde julle huwelik aan sy versorgende liefde toevertrou. Sy onmeetlike groot liefde sal julle beskerm.

Wat wil julle nou van die Here vra? Watter spesifieke behoeftes is daar ten opsigte van julle huwelik? Deel dit met mekaar en met die Here.

Hemel op aarde



Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. (1 Joh. 4:12)

Wanneer mense oomblikke van ekstase beleef, praat hulle graag van “hemel op aarde”. Ek glo dat julle al meermale só oor julle huwelik gepraat het. Want watter gelukkige huwelik is dan nou ook sonder daardie heerlike oomblikke van salige genot, om te weet ons hoort bymekaar en ons vind vervulling in mekaar se teenwoordigheid. So hoort dit. Maar so is dit ongelukkig nie aldag nie. En om die waarheid te sê: so is dit vir baie mense maar heel selde. Want vir hulle het dit weer meermale waar geword dat die duiwel in hulle huwelik los geraak het. En dan is dit nie meer hemel op aarde nie. Miskien het julle dit al by geleentheid self so ondervind.

God het in sy groot liefde ’n plan gemaak met die duiwel wat op aarde los geraak het. God het in Jesus Christus mens geword en aarde toe gekom om die duiwel te bind. Deur sy kruisdood het Hy die duiwel oorwin. Ons is mede-oorwinnaars. Ons kan in sy krag die duiwel oorwin. Wat maar net wil sê: die duiwel hoef nie in ons huwelik los te loop nie. Hy kan dit nie doen as ons hom nie toelaat nie. Só het God sy liefde aan ons bewys deur sy Seun te gee – tot die dood toe te gee – sodat ons deur Hom die lewe kan hê. En die nuwe lewe wat ons deur Christus ontvang, het ook met ons huwelik te make. Ook dáár wil Hy hê dat dit vir ons hemel op aarde sal wees. Wat nie beteken dat dit altyd seepglad en rimpelvry sal verloop nie, maar wat beteken dat Jesus daar sal bly en heers; die Jesus wat van die hemel af aarde toe gekom het sodat julle huwelik ’n fees kan wees.

Is julle huwelik hemel op aarde? Waarom nie? Wat kan julle doen om sake te verander?

Stil-tevrede in sy liefde



Die Here jou God is by jou ... Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou ... (Sef. 3:17)

Die Here se liefde vir julle het 'n wonderlike kwaliteit. In God se manier van liefhê, word daar 'n standaard gestel wat eintlik in elke opregte liefdesverhouding moet geld.

Die profeet praat hier met God se volk wat soveel keer in die verlede al God se liefde vertrap en aan Hom ontrou geraak het. Maar die Here bly hardnekkig getrou in sy liefde. Daar is wel diegene wat langs die pad verlore geraak het. Nogtans voorsien die Here dat daar 'n deel van sy volk na Hom sal terugkeer en weer hulle trou aan Hom sal betuig. En vir hulle sê Hy dan dat Hy by hulle is, dat Hy hulle Redder is, dat Hy vol vreugde oor hulle is, dat Hy stil-tevrede in sy liefde vir hulle is en oor hulle jubel en juig.

Hierdie belofte geld vir elke kind van God, vir elkeen wat sy vertroue in die Here stel. En dis 'n belofte met trefkrag. Wanneer julle hierdie belofte vir julleself toe-eien en wanneer dié belofte in julle huwelik bewaarheid word, kan daar wonders gebeur. Luister net weer: die Here is altyd by julle. Hy is julle Reddergod, Hy sorg vir julle. Is dit nie vir julle opwindend om te weet dat God vol vreugde oor julle is nie? Hy is uitbundig gelukkig oor julle. Hy jubel en juig oor sy kinders. En dan is daar by die Here 'n rustige tevredenheid oor sy liefde vir sy kinders. Hy geniet dit om julle lief te hê. Dit stel Hom tevrede. Wat die digter wil sê, is dat God sy kinders innig en hartlik liefhet. Aanvaar dag vir dag dié liefde en koester julle daarin en maak van sy liefde die model vir julle liefde vir mekaar.

Wat beteken hierdie teks vir julle? Sê vir die Here dankie dat Hy julle só liefhet, en vra Hom om julle te help om mekaar ook so vreugdevol en jubelend lief te hê.

Só moet julle vir God liefhê



“Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak ... nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My.” (Eks. 20:4, 5)

God deel julle liefde vir Hom met niemand nie. Hy eis onverdeelde trou aan Hom. Dalk is dit nodig om aan die hand van hierdie teks vir ’n paar oomblikke ’n entjie weg van mekaar te staan en elkeen oor sy en haar eie verhouding met die Here te besin. Selfs nie eers jou man of vrou mag tussen jou en die Here staan nie. Dit klink nogal veeleisend. Maar dis presies wat die Here van julle verwag.

In hierdie gebod gaan dit oor beelddiens. God verbied sy volk om enige beelde van enige aardse of bo-aardse wese te maak met die doel om dit te vereer en te dien. Mense het sekuriteit gevind in tastbare en sigbare beelde. Die beeld het in God se plek gekom. En as ons die gebod op ons eie lewe kan toepas, beteken dit dat enigiets wat God se plek in ons lewe inneem die rol van ’n afgodsbeeld vertolk. ’n Mens kan buitengewone waarde heg aan sekere plekke en selfs mense. Jy kan reken dat jy sonder hulle nie kan klaarkom nie. Hulle word die waarborge vir jou geluk en die krukke waarsonder jy nie die lewe kan aandurf nie. En so kan dit gebeur dat jou man of vrou jou afgod raak. Jou liefde vir jou wederhelf kan ongebalanseerd wees. Dit kan die grense van huweliksliefde oorskry.

Dit sal goed wees om weer ’n slag jou onverdeelde trou en liefde aan die Here te betuig. Hy alleen is God in jou lewe. Eers dan kan jy jou man of vrou aanvaar én geniet as ’n geskenk van God.

Maak jy jou nie daaraan skuldig dat jy jou huweliksmaat verafgod nie? Is daar nie momente in julle huwelik wanneer jy ter wille van die ander persoon vir God so effe uit die pad stoot nie?